Verwysing: 20200724-7176
Lêerno.: 12/12/41/1
Navrae: M Munnik

Omsendbrief: 0029/2020
Vervaldatum: 31 Maart 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure by distrikskantore, Hoofde van preprimêre skole en onafhanklike VKO-skole, en Prinsipale van gewone openbare skole met graad R-klasse

Kort opsomming: *Inligting vir alle rolspelers oor toepaslike aansoekprosedures vir vroeëkinderontwikkeling (VKO)-subsidie en ander sake.*

Onderwerp: Graad R-subsidies en ander VKO-verwante sake vanaf 01 April 2021

1. Graad R-toewysing

1.1 Toegang tot inligting

Graad R se norme-en-standaarde (N&S)-toewysing vir die boekjaar wat strek vanaf 01 April 2021 tot 31 Maart 2022 is op SOBIS beskikbaar. Toegang daartoe kan soos volg verkry word:

- Teken aan op SOBIS.
- Klik "Proceed", en kies dan die "Administration" -opsie op die keuselys en klik op "Norms and Standards Allocation" en kies "N&S 2021".
- Druk die bladsy.

U aandag word op die volgende gevestig:

Die toewysings word bereken volgens die Nasionale N&S vir graad R-befondsing, soos gewysig in *Staatskoerant* Nr. 29179 van 31 Augustus 2006. Die toewysingsbrief sluit 'n gedetailleerde uiteensetting van die geprojekteerde toewysing vir die 2021/22-boekjaar in, asook voorlopige toewysings vir die volgende twee boekjare, nl. 2022/23 en 2023/24. Alle toewysings is op grond van die getal leerderinskrywings op SOBIS bereken.

1.2 **Berekening van graad R-toewysing**

Goedkeuring is verleen om met ingang van April 2021 'n subsidie vir leerders in die volgende ouderdomsgroepe (in 2021) in goedgekeurde klasse by gewone openbare skole, geregistreerde VKO-sentrums en onafhanklike sentrums te betaal:

(a) Leerders wat 5 word voor 30 Junie
(b) Leerders wat 5 is en 6 word
(c) Leerders wat 6 is en 7 word, met vryskelding van verpligte skoolbywoning

Subsidie per kapita:

Tipe inrigting	**Nasionale kwintiel (NK)**	**Skoolgeldstatus van die inrigting**	**Bedrag betaalbaar per leerder per dag**
Gewone openbare skole (alle staats-beheerde skole wat graad R aanbied)	NK1−NK5	Geen skoolgeld nie	R31
	NK4	Skoolgeld gehef	R22
	NK5		R21
Openbare preprimêre skole			R21
Onafhanklike sentrums (alle privaat beheerde skole wat graad R aanbied)		Geen skoolgeld nie	R31
		Skoolgeld geheg	R21

Toewysings vir leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) is slegs vir geenskoolgeldskole:

- 'n Bedrag van **R29 700 per jaar (R14 850 per finansiële deel)** is betaalbaar vir elke klas wat deur 'n WKOD-betaalde onderwyser/praktisyn onderrig word.

Minimum toewysing slegs vir gewone openbare skole:

- Skole met minder as 25 leerders is daarop geregtig om 'n minimum subsidie van **R158 400 per jaar (R79 200 per finansiële deel I)** te ontvang.
- Skole met minder as 10 leerders is daarop geregtig om 'n minimum subsidie van **R143 550 per jaar (R71 775 per finansiële deel)** te ontvang.

2. **Graad R-subsidie-eise en -betaling**

2.1 Graad R-subsidie-eise is op die **2021 Jaarlikse Skoolopname (JSO)** gebaseer.
Maak asseblief seker dat al die data op die 2021 JSO korrek en volgens die aangeduide tydlyn afgeteken is. Geen wysigings word toegelaat ná die JSO afgeteken is nie.

2.2 Let asseblief op die volgende:

- Alle graad R-leerders is op SOBIS vasgelê/geregistreer.
- Elke graad R-leerder is by 'n klas ingedeel.
- 'n Geskikte graad R-onderwyser/praktisyn is by elke graad R-klas ingedeel.

Eers na daar aan die bovermelde vereistes voldoen is, kan 'n eis vir betaling ingedien word. Versuiming om aan hierdie vereistes te voldoen, kan daartoe lei dat 'n inrigting sy subsidiebetaling of 'n gedeelte daarvan verbeur.

2.3 Skole/sentrums moet as 'n deurlopend proses graad R-subsidie-eise vervolgens via SOBIS indien:

- Teken aan op SOBIS.
- Klik "Proceed", kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en klik op "Grade R Subsidy".
- Kies "Submit Application".
- Dui aan of u "Will you be applying for Grade R subsidy". Kies asseblief "YES/NO".

Voltooi asseblief die nodige tersaaklike velde en druk die skool se subsidie-eisvorm vir rekorddoeleindes na die eis ingedien is. Die skool se subsidie-eis sal elektronies by die toepaslike distrikskantoor ingedien word. Geen verdere optrede word van die skool verlang nie.

Verwys asseblief na die *Grade R Subsidy Claim Application System User Manual* op SOBIS vir gedetailleerde stapsgewyse leiding oor hoe om 'n subsidie-eis suksesvol in te dien.

Altesaam 200 dae per akademiese jaar sal gebruik word om die subsidie te bereken, waarvan 50% van die toewysing in die **April-/Mei-**finansiële deel en die oorblywende 50% in die **Oktober-/November-** finansiële deel betaal sal word.

2.4 **Tydraamwerk**
Datums vir die 2021-proses:

April/Mei-gedeelte (Kwartaal 2 en 3 van die 2021-skooljaar)

Datum	Aktiwiteit
13 April 2021	SOBIS is **slegs vir vier dae** oop om eise in te dien.
16 April 2021	Finale datum vir skole/sentrums om eise in te dien. **Let wel**: Eise vir betaling kan nie ná hierdie datum ingedien word nie.
23 April 2021	Distrikskantore finaliseer aanbeveling- en goedkeurings-prosesse *op* EduInfoSearch en teken elke eis af.
14 Mei 2021	Finale datum vir subsidiebetalings aan skole/sentrums.

Oktober-/November-finansiële deel (Kwartaal 4 van die 2021-skooljaar en Kwartaal 1 van die 2022-skooljaar)

Datum	Aktiwiteit
12 Oktober 2021	SOBIS is **slegs vir vier dae oop** om eise in te dien**.**
15 Oktober 2021	Finale datum vir skole/sentrums om eise in te dien. **Let wel**: Eise vir betaling kan nie ná hierdie datum ingedien word nie.
22 Oktober 2021	Distrikskantore finaliseer aanbeveling- en goedkeurings-prosesse op EduInfoSearch en teken elke eis af.
15 November 2021	Finale datum vir subsidiebetalings aan skole/sentrums.

2.5 **Vordering van eis**

Die vordering van u skool se eis kan soos volg op SOBIS nagespoor word:

- Teken aan op SOBIS.
- Klik "Proceed", kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en klik op "Grade R Subsidy".
- Kies "Claim status".

3. **Geenskoolgeldskole wat graad R aanbied**

Geenskoolgeldskole wat graad R-befondsing van die staat ontvang, mag nie skoolgeld van graad R-leerders aanvra nie (kyk "*National Financial Management Guidelines in Respect of Schools Offering Grade R Classes*", Oktober 2009, bladsy 4). Ouers kan versoek word om vrywillige bydraes te maak. Hierdie bydraes is nie verpligtend nie en mag nie gebruik word om leerders uit te sluit omdat hul ouers nie sodanige bydraes maak nie.

4. **Gebruik van graad R-toewysing**

4.1 **Salaris van die graad R-onderwyser/praktisyn**

Skole word daaraan herinner dat graad R-onderwysers/praktisyns by alle skole die volle 80% van die subsidietoekenning wat sesmaandeliks oorgeplaas word, moet ontvang. Beheerliggame van NK4- en NK5-skole moet die graad R-onderwyser/praktisyn se salaris vermeerder sodat die onderwyser/praktisyn 'n bedrag van minstens R10 725 per maand of meer ontvang. Graad R-onderwysers/praktisyns by geenskoolgeldskole is geregtig op die volle 80% van die subsidie.

4.2 **Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)**

10% van die subsidie is vir LOOM toegewys, ingeslote binnenshuise en buitenshuise LOOM wat voordelig is vir graad R-leerders.

4.3 **Bedryfskoste**

Die ander 10% van die subsidie is toegewys aan die betaling van die skool/inrigting se nutsrekeninge, soos telefoonrekeninge, water- en elektrisiteitsrekeninge, kopieer- en drukwerk, skoonmaakmiddels vir en instandhouding van die graad R-klaskamer/s, en enige ander dienste wat deur graad R-onderwysers/praktisyns verlang word.

5. **Verslagdoeningsvereistes**

Soos deur die distrikskantore gekommunikeer, moet normale verslagdoeningsvereistes eerbiedig word om die volgende subsidiebetaling te bewerkstellig.

6. **Graad R-briewe**

6.1 **Finale toewysingsbrief**

Die finale toewysingsbriewe (gebaseer op die 2021 SNAP-opname se inskrywings) sal teen 26 Maart 2021 op SOBIS gepubliseer word.

Skole kan die finale toekenningsbrief soos volg op SOBIS besigtig en druk:

- Teken aan op SOBIS.
- Klik op "Proceed", kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en klik op "N&S Allocation".
- Kies “N&S 2021/22 Final”.

6.2 **Subsidiebetalingsbrief**

Subsidie-betalingsbriewe, gebaseer op die goedgekeurde getal leerders deur die betrokke distrikskantoor in ooreenstemming met die uitgereikte graad R-omsendbrief, sal na elke gedeelte op SOBIS beskikbaar wees.

Skole kan op die finale toekenningsbrief soos volg op SOBIS besigtig en druk:

- Teken aan op SOBIS.
- Klik "Proceed", kies dan die "Administration"-opsie op die kieslys en klik op "Grade R Subsidy".
- Kies “Subsidy payment letter”.

7. **Kontaknommers vir navrae**

Onderwerp	Naam	Telefoonnommer
N&S-toewysing en oordragbetalings aan skole en ander graad R-subsidieverwante navrae (N&S-toewysings)	Kontak die toepaslike VKO-bestuurder op distriksvlak.	Toepaslike distrikskantoor
SOBIS-verwante navrae	Kontak die toepaslike SOBIS-administrateur op distriksvlak.	Die SOBIS-ondersteunings-kontaknommer kan onder die "CEMIS Support"-opsie op die kieslys verkry word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-09-28